NKJV: Winterskool vir Junior Jagters – 23 – 29 Junie 2019

Sondag middag het 12 aspirant junior jagters tussen 15 en 18 jaar oud, bymekaar gekom op Benfontein min wetende watter leersame en interessante week vir hulle voorlê. Gou-gou is ouers en geliefdes gegroet en almal slaapplekke geallokeer in die tente wat hulle vir die volgende week teen die elemente beskerm het.

Eerste op die agenda is almal opgedeel in drie spanne met die volgende leiers: Zebras – Elisma Janse van Rensburg, Swartwildebeeste – Ludwig Pretorius, Rooihartbeeste - Etienne Keyser. Die onderskeie spanne het op ‘n roterende basis volgende daaglikse diensbeurte gedeel vir terrein, kombuis en badkamer diens.

Alreeds Sondagmiddag het die “leerplan” afgeskop met fundamentele kaartlees, oriëntering en basiese rigting bepaling, alles vaardighede wat later die week tydens ‘n 8-10 km nagmars op proef gestel sou word. Volgende was daar ‘n insiggewende lesing en demonstrasie oor noodhulp en mediese bystand in die veld. Die daaropvolgende kers skiet met .22 gewere het alreeds op ‘n vroeë stadium almal se skiet vernuf op die proef gestel in ‘n bitter koue wintersaand.

Die volgende 5 dae was gevul met baie leersame lesings en praktiese demonstrasies van onder andere die volgende onderwerpe en aktiwiteite.

Kaartlees en navigasie	Dave Raeburn
Noodhulp	Andre Keyser
Jag met valke en honde	Julius Koen
Boogjag	Nico Fourie
Herlaai tegnieke	Noel Wewege
Knope en haelgweer jag	David Knight
Navigasie met sterre	Span
Pak van ‘n Jagsak	Gawie se Wit
.243 Groepering skiet	Jamie Page & Gawie de Wit
Kleiduif skiet	Peter Gibbs & Mark Harding
Messe slyp en slag tegniek	Douw Jacobs
Nagmars en voorlê jag	Johan Olivier

Jag regulasies in die Noord-Kaap Lewellen Festus

Soogdier klassifikasie en identifisering Corne Anderson

Vuurwapen wetgewing in SA en Biltong maak Chris Bothma

Vuurmaak (sonder vuurhoutjies) en eier kook Gawie de Witt

Horing en skedel identifikasie en meting & Wildsplaas bestuur Charles Hall

Die NKJV wil graag al bogenoemde persone wat bygedra het tot ‘n baie suksesvolle en insiggewende week bedank vir hulle tyd en insette!

‘n Paar hoogtepunte waar die junior jagters op ‘n meer praktiese vlak blootstelling gekry het aan, was onder meer die volgende:

Kleiduif skiet met ‘n haelgeweer was vir die meeste ‘n eerste blootstelling. Divan van Vuuren het met sy eerste vasvat van ‘n haelgeweer 21 uit 25 kleiduiwe raakgeskiet.

Almal het darem al vantevore geskiet (reeds hoekom hulle die kursus bygewoon het) en tydens die 25 meter groepering skiet het Luca Henning geseëvier met die beste groepering van 4.4 mm.

Elke span moes met die basiese bestanddele wat beskikbaar was in die kamp kombuis ‘n hoender op die vuur gaarmaak en die lekkerste hoender was opgedis deur die Zebras span bestaande uit (van L-R) Philip Vorster, Luca Henning, Divan van Vuuren en Elisma Janse van Rensburg.

Die span wat die lang en uitgerekte nagmars, Donderdag nag die meeste geniet het en dalk ook die minste verdwaal het (L.W. Al die spanne het ordentlik verdwaal!) was die Swartwildebeeste bestaande uit (van L-R), Francois Smook, Hanno van Eck, Ludwig Pretorius en Ethan Edwards.

‘n Definitiewe hoogtepunt van die week was die voorlê jag Saterdag onder die bekwame leiding van senior jagters waartydens 75% van die junior jagters daarin kon slaag om elk ‘n springbok te skiet. Volgens die jagmeester Johan Olivier is diè ram wat Keagan Reimers geskiet het, in sy opinie een met van die wydste horings ooit op Benfontein!

Elke junior jagter moes sy/haar eie springbok slag.

Die kursus is afgesluit Saterdagaand met ‘n prysuitdeling en lekker ete vir die junior jagters en hulle ouers.

Baie geluk aan die volgende junior jagters wat tydens die prysuitdeling die volgende toekennings ontvang het:

Beste Akademiese Student	Ethan Edwards
Beste Groepering	Luca Henning
Beste Algehele Skut	Ludwig Pretorius
Mees Hulpvaardige Student	Elisma Janse van Rensburg
Beste Span	Die Sebras
Beste Algehele Student	Ignus van Deventer
Sean Klemp Gedenk trofee	Divan van Vuuren

Baie dankie aan Douw Jacobs, Chris Botma en Gawie de Wit vir hulle opofferings om weereens die suksesvolle winterskool te koördineer en aan te bied.

Menige van ons sou baie daarby kon baat as ons die voorreg gehad het om ‘n soortgelyke kursus te kon bywoon terwyl ons nog juniors was. Sonder twyfel sou dit beter bewaarders van die natuur en jagters van ons gemaak het!